



DOORBULT VOERKRALE | POLOKWANE, LIMPOPO AKKERBOUBESTUURDER

Neem verantwoordelikheid vir 'n afdeling. Groei saam met die span.

By Doornbult vorm akkerbou deel van 'n groter voerkraal- en boerderybedryf. Wat op die lande gebeur, dra direk by tot die onderneming se voerproduksie en prestasie.

Ons soek iemand met **'n sterk belangstelling in gewasproduksie, praktiese aanleg en die dryfkrag om ons akkerbou-afdeling verder te ontwikkel.** Jy moet daarvan hou om op die lande betrokke te wees, maar ook die beplanning, berekeninge en opvolg agter goeie produksie kan hanteer.

Waarvoor jy verantwoordelik sal wees:

- Beplanning en uitvoering van mielie- en kuilvoerproduksie onder besproeiing.
- Grondvoorbereiding, plant, bemesting, gewasbeskerming, besproeiing en oes.
- Kalibrasie en korrekte aanwending van planters, spuite en ander toerusting, in samewerking met die werkswinkel.
- Bestuur van personeel, insette, produksiekoste en rekords.
- Aangeplante weiding, backgrounding-beeste en skape.

Akkerbou bly die kern van die pos. Weiding en die veekomponent neem 'n kleiner gedeelte van jou tyd in beslag, maar vereis gereelde toesig en goeie beplanning.

Ons stel belang in iemand wat vrae vra, probleme ondersoek en aanbevelings prakties kan toepas. Jy moet jou span duidelik kan lei en verantwoordelikheid neem vir die gehalte en tydigheid van hul werk.

'n Toepaslike landboukwalifikasie en praktiese ervaring met besproeiing, mielies of kuilvoer sal sterk in jou guns tel. **Kandidate wat gereed is om vanuit 'n assistent- of toesighoudende rol na groter verantwoordelikheid te groei, word ook aangemoedig om aansoek te doen.**

Ons wil ons bestuurspan versterk en ons mense deur toepaslike opleiding en ontwikkeling laat groei. Ons soek iemand wat aan daardie proses wil deelneem en dieselfde ingesteldheid na sy of haar eie span bring.

Aansoeke van regoor Suid-Afrika is welkom. Die pos is by Polokwane gebaseer.

Stuur jou CV, twee kontakbare verwysings en 'n kort beskrywing van jou praktiese produksie-ervaring aan **doornbult@gmail.com**. Dui jou beskikbaarheid en verwagte vergoeding aan.

Onderwerp: Akkerboubestuurder | Sluitingsdatum: 15 Oktober 2026